AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Intern:*
# TEGNIESE IT-ONDERSTEUNING

PRETORIA

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het tans ŉ pos vir ŉ intern: Tegniese IT-ondersteuning in die Inligtings- en Kommunikasietegnologie-afdeling beskikbaar. Hierdie pos is in Centurion, Gauteng gesetel.

## POSDOELSTELLING

Die intern: Tegniese IT-ondersteuning is verantwoordelik om onder toesig basiese tegniese en administratiewe ondersteuning aan personeel en studente te bied. Die pos speel ŉ ondersteunende rol in die daaglikse funksionering van tegniese prosesse, ondersteun met gebruikersnavrae, en dra by tot die werking van stelsels, infrastruktuur – alles binne ŉ gestruktureerde leeromgewing.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- Om gebruikersondersteuning te bied aan personeel en studente
- Ondersteuning met basiese hardeware- en sagtewareprobleme; die skep, bestuur en kategoriseer van ondersteuningskaartjies om probleme op te spoor en te prioritiseer
- Gereelde kommunikasie met gebruikers
- Installeer en aktiveer rekenaars soos versoek
- Dokumentering van alle interaksies, oplossings en stappe wat geneem is om probleme op te los
- Verseker dat IT-bates op ŉ veilige en voldoende wyse gebruik en bestuur word
- Ondersteun student en dosente tydens klasse (nauurs en e-leer) met tegniese navrae en toegangskwessies
- Proctorio-bystand

## POSVEREISTES

- CompTIA A+ of soortgelyke kwalifikasie
- CompTIA N+ of soortgelyke kwalifikasie

## VAARDIGHEDE

- ŉ Goeie begrip van ITIL-raamwerke
- ŉ Goeie begrip van die lewensiklus van IT-bates
- Effektiewe probleemoplossingvermoë
- Sterk kommunikasievermoë
- Goeie interpersoonlike en spanwerkvaardighede

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 13 Augustus 2025 ingedien word.** Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na personeelnavrae@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



**Akademia MSW** (Maatskappyregistrasienommer: **2005/024616/08**) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.